

# NG KERK IN OOS-KAAPLAND

## RIGLYNE: BEGROTINGTOEKENNINGS VIR RINGSPROJEKTE

### 1. INLEIDING

Die breë bedoeling met hierdie beskikbare fondse vereis dat die hele hanteringsprosedure, vanaf die aansoek tot by die verslaggewing na die besteding, met integriteit plaasvind. Dit is nie oortollige geld wat uit oorvloed weggegee is om iets mee te koop nie. Dit is mense se dankoffers wat ten beste in diens van die Koninkryk aangewend moet word en dalk deur iemand anders beter gebruik kon word.

### 2. AANSOEK

2.1 Die ring doen aansoek by die SK vir die befondsing van 'n projek wat deur die ring goedgekeur en aanbeveel is. Die projek kan sy ontstaan by 'n gemeente hê en deur 'n gemeente bedryf word. Dit is nie nodig dat die ring as ring aan die projek moet deel nie. Die ring moet egter die motivering van die projek goedkeur. Hierdie goedkeuring is die eerste sifting in die proses. Die ring moet kriteria hê waarvolgens hy beoordeel.

2.2 Die kriteria waarvolgens die ring beoordeel, behoort die volgende in te sluit:

2.2.1 Die projek moet inpas by die visie van die sinode, een heilige algemene Christelike kerk, soos deur die buitengewone sinode van 2003 geformuleer.

2.2.2 Projekte wat beoog om 'n lang lewensstermyn te hê en net by die afskop subsidie benodig, behoort voorkeur te kry.

2.2.3 Gemeentes wat van hierdie fondse ontvang ter wille van oorlewing (bv besoldiging van die leraar), moet 'n beplanning by die ring indien waarin getuig word van moontlike groei of die oorgang in verandering van bediening.

2.2.4 Die ideale gebruik van hierdie geld sou wees om 'n bediening op die been te bring wat na 'n jaar of wat op eie bene kan staan en dan selfs iets in die fonds terugploeg.

2.2.5 Hierdie geld word nie gebruik vir die aankoop of instandhouding van eiendomme en geboue nie.

2.2.6 Hierdie geld word nie gebruik vir die opbou van 'n neseier vir 'n ring of gemeente nie.

2.2.7 Lidmate, 'n gemeente, of die gemeentes van die ring behoort self 'n finansiële bydrae tot die projek te maak om sodoende betrokke te bly en eienaarskap te aanvaar.

2.2.8 Fondse word slegs toegeken aan projekte wat direk deur die ring of gemeentes bestuur word. Die geld word nie gebruik om ander instansies te befonds nie.

2.3 Teen die tyd van die jaar dat die nuwe aansoeke ingedien word, moet die ring se verslag van wat met die toekenning van die vorige jaar gebeur het - en hoeveel daarvan nog beskikbaar is - by die DA ingedien wees. Versuim hiervan kan lei tot penalisering by die nuwe toekennings.

### 3. HANTERING VAN DIE RINGSAANSOEKE DEUR DIE SINODALE KOMMISSIE.

3.1 Die gemotiveerde en gedetailleerde aansoeke moet die DA bereik voor 30 September.

3.2 Die aansoeke op die terreine van die Netwerkbestuurders word na die Begeleidingsnetwerk verwys om dit aan die hand van die kriteria in 2.2 genoem, te sif, te prioriseer en daarvolgens aan te beveel. Die ander aansoeke word verwys na 'n kommissie bestaande uit die moderatuur en DA om dieselfde daarmee te doen. (Omsigtigheid is hier noodsaaklik sodat gemeentes en ringe bemoedig en nie ontmoedig word nie).

3.3 Genoemde kommissie en die Netwerkbestuurder van Bnet kombineer die twee lyste, bring die oorskot van die vorige jaar in berekening, bepaal die beskikbare totaal en beveel die toekennings by die Dagbestuur van die SK aan.

3.4 Die Dagbestuur verfyn die toekennings en beveel dit by die SK aan wat die finale toekennings goedkeur.